# Die Byekorf

2017/08/30 Standerton Akademie

28/18

Geagte Ouers,



**Skaak**

Baie geluk aan Elré Labuschagne, Marla de Jager en Martiens de Jager met hul mooi prestasie die afgelope naweek met die Gert Sibande Skaak te Secunda. Ons is baie trots op julle!



**SANESA Perdry**

Sterkte aan die volgende leerlinge wat die naweek gaan deelneem aan die Nasionale byeenkoms te Parys. Danje Pretorius, FJ Lötz en Elrie Lotz. Ons weet sommer dat dit baie goed met julle sal gaan.



**Landloop**

Baie geluk aan Beandri Claassens met haar verkiesing tot die Mpumalanga buiteskoolverband landloopspan. Ons is sommer baie trots op jou!

**Kleuterskool Ultstappie**

Alle kleuterskool leerlinge besoek volgende Donderdag, 7 September 2017, die speelpark by Secunda as 'n opvoedkundige uitstappie. Alle reëlings is reeds met die onderskeie ouers getref en ouers moet seker maak die vrywaringsvorms word ingehandig by Daleen de Bruyn nie later as eerskomende Vrydag.

Vyf personeel lede sal die kinders vergesel en daarom kan ek u die versekering gee dat daar goeie toesig en beheer sal wees.

**Boomplantdag: 8 September 2017**

Hierdie dag word 'n spesiale program vir al die leerlinge aangebied. Leerlinge kom met gewone klere skool toe en met 'n "groen" hoed op die kop (geen uitgawes asseblief ouers). Leerlinge ontvang ook op hierdie dag elkeen 'n roomys waarna 'n program aangebied word oor die belangrikheid van bome en waarna die bome op ons terrein aangeplant sal word.
Die skool hou ook 'n muntlegging en daarom vra ons ouers om 'n paar ou munte saam te stuur skool toe.

**Koekverkoping**

Al die 4 jarige, Gr 2 en Gr 6 ouers word herinner aan die koekverkoping eerskomende Vrydag by die skool. Betrokke ouers moet asseblief 2 dosyn eetgoedjies saam stuur.

**Standerton Akademie Sport- en rugsakke**

Bestellings kan vanaf vandag by Daleen en Marinda geplaas word vir Standerton Akademie toerusting. Hierdie sakke word na betaling op bestelling geplaas teen R280 per rugby sak en R160 per rugsak (Sien foto)



**Atletiek Kursus**

Alle atlete van ons skool begin reeds in die 4de kwartaal met atletiek oefeninge. Ons gaan ook 'n kursus aanbied op Vrydag, 3 November 2017 vanaf 13:00. Alle ouers wat belang stel om die kursus by te woon moet asseblief die afskeurstrokie voltooi en nie later as 22 September 2017 na die skool stuur. Daar sal 'n beampte, baan en veld kursus aangebied word.
Dui asseblief vir ons aan watter kursus u gaan bewoon.

**Musiek Pret: Noot vir noot aand : 21 Oktober 2017 om 18:00**

Neem kennis dat die datum vir die Noot vir noot aand a.g.v. omstandighede buite ons beheer verskuif na 21 Oktober 2017. Kaartjies is vanaf Vrydag beskikbaar by die kantoor teen R200 per persoon. Baie dankie aan al ons gasvrou mamma's wat bereid is om as gasvrouens op te tree.

**Fotodag : 14 September 2017**

Ouers word herinner dat ons jaarlikse fotodag plaasvind op 14 September 2017. Alle akademiese, sport en kultuur foto's word op hierdie dag geneem. U moet asseblief toesien dat die kinders al die korrekte kleredrag saambring. Ouers wie foto's saam met hul kinders wil neem is welkom om die dag ook by te woon. Let wel, hierdie foto's word na afloop van al die leerling foto's geneem.

**Prysuitdeling**

Alle uitstaande trofees moet nie later as eerskomende Vrydag ingehandig word by die kantoor.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 30 Augustus tot 5 September verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| | |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE
S. Swanepoel



**Hoedjies te koop teen R50 elk.**




Ouers wees gewaarsku, die spoedhobbel word eersdaags voltooi. Ons leerlinge staan opgewonde by die padwerke en waarsku die Biermans om stadiger te ry.



Die atletiekveld word in gereedheid gebring vir die atletiekseisoen.